

Sing vooraf staande: Psalm 104:20 (p. 511)

20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:4, 15 (p. 144)

4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.

15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

Psalm 66:7 (p. 322)

7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Skriflesing: Galasiërs 3

Teks: Galasiërs 3:3

**Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle
nou in eie krag eindig? (Galasiërs 3:3 AFR53)**

'n Mens kan maklik vasval in uiterlike dinge – in so 'n mate dat jy ongelowig word sonder
dat jy dit weet.

- Ons ontwikkel baie maklik lewenswaardes wat nie regtig klop met die waardes wat vir die HERE belangrik is nie, en dan kan ons nie weer die aanpassing terug maak nie.
- Enersyds omdat ons nie wil nie, maar andersyds ook omdat ons nie meer kan sien dat ons verkeerd is nie.
- Iets waarvan mens eenkeer oortuig geraak het, kan jy feitlik nie weer prysgee nie.

Die Galasiërs het so 'n probleem gehad.

- Hulle het begin glo deur die werk van die Heilige Gees, maar hulle het later die spoor verloor.
- Op 'n goeie dag het daar dwaalleraars opgedaag wat die evangelie begin verdraai het (1:7).

Die inhoud van die dwaalleer was dat ons die Here Jesus as Verlosser moet aanvaar,

- MAAR dat daar ook sekere uiterlike of sigbare dinge vir jou saligheid moet bykom.
- Daar is toe onder andere aangedring daarop dat die Galasiërs hulle moet laat besny.

Dit is nogal merkwaardig dat daar van al die Ou-Testamentiese wette en seremonies net aan die besnydenis alleen vasgehou is!

- Ons lees in hoofstuk 6:13 dat hierdie mense wat die dwaalleer verkondig het, self nie een van die ander wette onderhou het nie.
- Hulle het dus net aan iets vasgehou wat deel is van 'n uiterlike vertoon.

Die fout was dus dat iets uit balans geruk is – en dit is in alle gevalle van dwaalleer so dat dit iets van die waarheid beet het, maar dat die saak uit sy ware perspektief uitgeruk is.

In die geval van die Galasiërs het hulle geweier om te aanvaar dat die doop ook 'n besnydenis van die hart is.

- Eintlik was hulle hierin nie gedryf deur liefde vir die Ou-Testamentiese wet nie.
- Hulle was gedryf deur valsheid, want as hulle besny was, dan kon hulle in tye van vervolging daarop aanspraak maak dat hulle nie Christene is nie, maar Jode.

Hierdie skokkende feit staan geskryf in hoofstuk 6:12:

Almal wat 'n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om hulle te laat besny, net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolgt te word nie.

(Galasiërs 6:12 AFR53)

Die kruis van die Here Jesus het al hierdie uiterlike dinge waarop die Jode hulle altyd so beroem het, platgeslaan.

- Daarom het die kruis van die Here vir hulle 'n aanstoot geword.
- Dit het hulle gestroop van alles waarmee hulle altyd geloop en spog het.

Dit is hoe dit gebeur het dat hulle uiterlike lewenswaardes hulle verlei het tot dwaalleer en dus ook tot ongeloof.

Teen hierdie agtergrond begin hoofstuk 3 met die uitroep:

O, onverstandige Galasiërs ... Wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie? (Galasiërs 3:1a AFR53)

Die uitroep is baie skerp, maar dis bedoel om die gemeente wakker te skud!

- Om hulle geestelik wakker te kry moet hulle erg ontnugter word.
- Dis waarom dit toe so gestel word dat dit klink asof die gemeente die vermoë verloor het om die waarheid deur te sien, en om elke keer helder besluite te neem oor geloofsake.

Die enigste gebeurtenis wat die Galasiërs kon beweeg om Jesus so gou te vergeet, is die duiwel wat hard aan die werk was.

- Die gemeente sit dus nou opgeskeep met die dwaalgees van die satan wat hulle tot valse geloof en lewensbeskouinge verlei.

Kyk net na die skerp teenstelling waarmee ons hier te doen het.

- Eers vra Paulus of hulle betower is, en dan vertel hy hoe lewend Jesus Christus die gekruisigde aan hulle gepreek is.

- Die logiese afleiding wat die gemeente gemaak het, was dat daar beweer word dat hulle deur die satan betower is om die waarheid nie raak te sien en te doen nie.

Ons moet natuurlik altyd die hele Bybel in sy verband bly sien, en daarom moet ons vanselfsprekend hoofstuk 2 se slotwoorde ook hier gebruik:

Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterf. (Galasiërs 2:21 AFR53)

Die betekenis van hierdie woorde is baie duidelik:

- Uiterlike en verkeerde lewens en geloofswaardes wil voorgee dat die werk van Christus verniet is.
- Jou godsdiens verloor sy diepte wanneer jy dit vasmaak aan die verkeerde goed.
- Dan loop mens ook in die geloofswêreld op ys, want dan speel jy met die genade van Christus.

Dit is ook waar ons teksvers inpas: Julle het die Heilige Gees gehad, want dis hoe julle begin glo het. Wat het gebeur dat julle nou sonder die Heilige Gees is?

- Hierdie oomblik van regte besinning en van persoonlike ondervinding in hulle geloofsluwe moes die Galasiërs daarvan weerhou het om na die dwaalleraars te luister.
- Terwyl hulle nou al klaar verdwaal het, behoort dit hulle dadelik terug te bring!

Is julle so onverstandig, word gevra, dat julle, nadat julle met die Heilige Gees begin het, nou met die wêreldse en verkeerde dinge kan eindig? Kan enige gelowige so dom wees om sy geloof te verruil of sy godsdiens te verdraai vir foute?

Jy kan mos nie so dom wees om te dink dat die Here nie jou binnekant gaan raaksien nie – al hou jy dinge op die oog af goed met uiterlike vertoon.

Nou moet u nie dink dat ons nie in ons geloofsluwe ook dubbele standaarde het nie. Kom ek noem vir u enkele voorbeelde:

- Ons bly maklik weg van die kerk af as ons dierbare familie kom kuier; hulle is ook nogal gelowiges wat mos behoort te weet om hulle voor te berei om saam die Here te gaan aanbid.
 - Sou daar nie iets baie mooiers uit ons kuier kon kom as ons as familie ook by sulke geleenthede die werklike behoefte het om ons saam voor God te gaan neerbuig in ons aanbidding nie?
- Hoe dikwels skuif ons huisgodsdiens of ons eie stiltetyd doodeenvoudig opsy omdat ons moeg is of haastig is?

Is dit nie wesenlik maar net dieselfde ding nie?

Die kruisdood van ons Here is ook juis sodat ons al hierdie dinge in ons verantwoordelikheid mag sien soos wat dit behoort te wees en dan ook behoorlik te kan onderskei.

- Dit is een van die weldade wat ons gekry het deur die kruisiging en ook deur die inwerking van die Heilige Gees.
- Ons behoort elke dag wat ons lewe te besin oor wat God vra en aan ons leer.
- Ons behoort ook te besin oor hoe die weldade van Christus ons eie word sodat ons nie later die geloof en die inwerking van God die Heilige Gees prysgee vir ander dinge wat net vir hierdie tydelike bestaan op aarde bestem is nie.

Dink oor God se genade en benut dit – al moet ons baie dinge wat in die wêreld uiterlik belangrik is, prysgee.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:2 (p. 700)

2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 29 September 2013